TYDSPELINGS : AANKOMS- EN VERTREKTYE

Tydspelings op aankoms- en vertrektye kan aangepas word, deur die volgende stappe te volg:

1. Kliek op die Hoofskerm op: Tabelle.

2. Kies Nr. 4 in die geel blok: Tydkeuses.

3. Kies aan die regterkant op die pienk/blou skerm: Tydspelings:



4. Kies die regte maatskappy, indien meer as een maatskappy:



5. Doen die verstellings soos verlang vir:



- Aanvaar laat aankoms:
  Die waarde wat u hier inlees is bedoel om werkers toe te laat om enkele minute laat te kom sonder om korttyd te kry. Ons beveel tussen 2 en 5 minute hier aan.

- Aanvaar vroeë vertrek:
  Die waarde wat u hier inlees is bedoel om werkers toe te laat om enkele minute vroeër te loop sonder om korttyd te kry. Ons beveel tussen 2 en 5 minute hier aan.

- Ignoreer vroeë aankoms:
  Die waarde wat u hier inlees is bedoel om te verhoed dat werkers wat geruime tyd voor die aanvang van werkstyd inklok, oortyd verdien sonder dat dit vooraf ooreengekom is. Vir praktiese doeleindes beveel ons 'n waarde van 25 minute hier aan.

- Ignoreer laat vertrek:
  Die waarde wat u hier inlees is bedoel om te verhoed dat werkers wat geruime tyd na die einde van die werksdag uitklok, oortyd verdien sonder dat dit vooraf ooreengekom is. Vir praktiese doeleindes beveel ons 'n waarde van 25 minute hier aan.

- Tydspeling op skiktyd:
  Die waarde wat u hier inlees is bedoel om skiktyd se bywoningsrekords af te rond na byvoorbeeld die naaste tien minute. Onthou die waarde kan beide werkgewer en werknemer bevoordeel, so moenie te groot kies nie. Ons beveel tien minute aan.

Hierdie opsie is "grof" in die sin dat dit **ALLE** tydprogramme raak - daar is 'n meer verfynde opsie ook beskikbaar, skakel ons asseblief vir hulp hiermee.